Baie geluk, ons is trots op julle:

9 Desember 2015

Die **Wenner** vir die **Beste Lumber City** in die land
Jan Knoesen se
Lumber City Upington

Dit was vir my 'n voorreg om te sien hoe Jan deur die jare gegroei het van 'n klein geboutjie in Soutpanstraat tot sy huidige kompleks wat tot die voorste straat strek. Hy het wel so 'n paar grys hare bygekry vandat hierdie foto van hom geneem was, maar daar is geen teken dat die jare sy entosiasme verminder het nie. Die prys is hy al jare lank verskuldig en hy kan net as 'n inspirasie dien vir almal van ons. Ek wens net dat almal 'n draai kon maak in Upington om jou trots en wat jy vermag het te aanskou. Baie dankie, Jan, en baie geluk!



Die **Naas-Wenners** (meriete) vir die **Beste Lumber City** in die land
Jan Knoesen se
Lumber City Kuruman
en
Frans Jooste se
Lumber City Bloenfontein

Wie sou nou kon sê dat 'n Lumber City in die dorre dorpie van Kuruman so kon groei van waar daar beswaarlik 'n meter en 'n half spasie was vir kliënte om te staan, na die aanskoulike en indrukwekkende Lumber City wat deur Kallie en Juandré Retief bestuur word.
Die trotse pa, Frans Jooste van Bloemfontein, is ons mees innoverende lid van die familie. Sy installerings-werk is bekend regdeur die Vrystaat en ook oor die grense. Sy entosiasme en bereidwilligheid om sy kennis, vaardighede, ondervinding en uitvindsels met al die Lumber City lede te deel word vreeslik waardeer en is benoemingswaardig.
In hierdie nuusbrief is genoeg foto's van Kuruman en kyk gerus na die September 2015 Nuusbrief vir foto's van Frans se winkel. Baie geluk julle!



Willie met so 'n klein bietjie minder hare as die dag toe hy begin het, maar al die Lumber City ouks lyk nog net so jonk soos die dag toe hulle begin het.

Die **Wenner** vir die
"Most Improved" Lumber City in die land is
Willie Breedt se
Lumber City Rustenburg



Ek onthou die dag toe Willie en sy pa, Charles, die Lumber City in 'n spoorwegskuur in Rustenburg begin het. Die was geen rakke nie en die hardeware was op strooibale ten toon gestel. Sederdien het die' Lumber City verskuif na 'n baie groter, beter gelëe en aanskoulike gebou. (sien foto in die Julie Nuusbrief). Willie, jou vooruitgang in hierdie ekonomiese omstandighede is nie net 'n inspirasie vir my nie, maar vir ons almal.